# U3A Stilbaai Nuusbrief nr 1; Junie 2015

## Algemene Vergaderings (AG)

Ons het afgeskop! Baie dankie aan ons eerste spreker, Daan Toerien wat op 28 Mei 2015 tydens ons eerste AG in die Waenhuis, Jagersbosch gepraat het oor "*Products fit for a Queen: Paradokse uit landelike Suid-Afrika".* Die bo verwagte opkoms is hoogs waarskynlik meesal aan Daan te danke en ons sien uit na nog praatjies van Daan later hierdie jaar.

**Ons spreker vir Junie** (AGs vind altyd plaas op die laaste Donderdag van elke maand en in Junie val dit op die 25ste) sal **Niel van Wyk** wees. Niel het 'n lang rekord in Natuurbewaring en meer onlangs spesifiek in riviermondings en hy gaan praat oor: "*Menslike impakte op riviermondings, met verwysing na die Goukourivier*." As dit nie vir die Goukou rivier was nie, het 99% van ons elders gewoon.

Ons gaan begin om U3A Stilbaai se lidmaatskapfooi van R 30 per lid per jaar in te samel en sal vanaf 9h00 daarmee begin en voor die AG om 9h30 begin. Dit gaan baie help as die presiese bedrag in kontant gebring kan word maar ons sal op elke toekomstige AG dit ook nog doen.

**Ander sprekers en onderwerpe vir AGs later hierdie jaar is:**

- "Rural Revolution: Merinos and the Barrys in the Overberg, 1812 – 1866" deur Julie Wilson
- "Estate planning – Putting your affairs in order" deur Arthur Clarke/Stefan Pretorius
- "Latest info on Climate Change" deur Prof Mike Lucas van UK
- "A Sub Antartic trip to Bouvier Island" deur Wendy Wilson
- "Die wetenskap agter die LCHF en LFHC dieet opsies – besluit self" deur Stefan Pretorius.

(Die meerderheid van praatjies sal in beide Afrikaans en Engels wees.)

## Kursusse.

| Onderwerp | Kontak Persoon | e-pos |
|---|---|---|
| "Natuurwetenskap" | Stefan Pretorius | stefan877@mweb.co.za |
| "Religion and Power" | Janet Stonier | jet33@telkomsa.net |
| "Botanical Art Drawings and watercolours" | Julie Wilson | wilson.julie222@gmal.com |
| "Creative Writing" (4 sessions) | Carol Malan | carol.malan@vodamail.co.za |
| "Hulp met rekenaars, tablette en slimfone"* | Stefan Pretorius | stefan877@mweb.co.za |

*Nie kursusse nie maar een-tot-een hulp tuis.

## Voorgestelde Kursusse

"Leunstoel Reise" (Armchair Travel), "Kookkuns demonstrasies" , "Geskiedenis", "Voëlkyk", "Botanie/blomme", "Opera/musiek/kore", "Fotografie", "Stap/hike", Klasieke films op DVD", "Dokumentêre films" op DVD of Blu Ray", "Fotografie"

(Ons soek Kontak persone en Kursusleiers hier op enige onderwerp wat van belang mag wees vir lede. Kursusleiers hoef nie elke maand te praat nie en kan reel dat ander bydra.)